



Net 'n Fout Van Stalin Kan Europa Red

Terwyl sy regering nog steeds aan die rem is aan die Amerikaanse pogings om Europa militêr sterk te maak deur die herbewapening en herstel van Duitsland as

moondheid, het die Britse eerste minister, Clement Attlee, hierdie week na Washington afgereis om president Truman te oorrreed om nie oorlog teen Sjina te

maak nie omdat Europa te swak en blootgestel is aan Russiese aggressie wat op 'n Asiatiese botsing kan volg.

Die skielike reis volg op die Sjinese aanval teen die Verenigde Volke se magte in Noord-Korea met 'n leërmag van nagenoeg 'n halfmiljoen, en die verklaring van pres. Truman dat die gebruik van die atoombom in oorweging is.

Hoewel dit klaarblyklik waar is dat Stalin se strategie gemik is op 'n vaskoppeling van die Weste in die Verre Ooste onderwyl hy sy militêre masjien verder versterk totdat hy met welslae na die Weste kan toeslaan of besmoontlik voor die tyd reeds 'n politieke oorwinning kan behaal weens ekonomiese uitputting in Westerse lande, is dit ook waar dat die Weste op die oomblik een voorsprong het — die atoombom. Maar hierdie voorsprong sal waarskynlik nie lank gehandhaaf kan word nie omdat Rusland self sy atoomnywerheid voltoos laat werk en met veel minder bomme baie swaarder skade kan aanrig weens die groter kwesbaarheid van die Westerse gebiede. Sodra die punt bereik is dat die Weste 'n Russiese atoomaanval vrees, sal hulle self nie meer geneë wees om die bom te gebruik nie en sal hulle op gelyke voet teen die Oosterse massas die stryd moet aanknoop.

TEEN SOWJET

Daar is mense wat daarop aandring dat die stryd teen Sjina alleen vervang moet word deur 'n stryd teen Rusland as die sentrum van die Kommunisme wat in elk geval op later geleentheid gaan toeslaan sodra sake vir hom gunstiger word. Daar word op gewys dat 'n atoomaanval op die Russiese olienywerheid in die Kaukasus op die oomblik die Sowjet se oorlogsvermoë — en ook dié van sy satelliete — aansienlik sal verlam, en dat dit daarom van veel groter nut is om die bom nou te gebruik solank dit nog 'n uitwerking kan hê as om te wag totdat Rusland ook hierdie nywerheid van hom buite bereik gebring het, soos hy besig is om te doen onder andere deur middel van sintetiese olie-fabriek in die hoë noorde.

'n Stryd teen Sjina alleen sal eenvoudig beteken dat daar geveg word teen 'n onuitputlike mense-materiaal gevoed en voorsien deur 'n Russiese arsenaal wat buite bereik van aanvalle lê.

GEEN HOOP

Daar bestaan egter weinig hoop dat die Weste die voorsprong wat hy het sal gebruik. 'n Deel van die Amerikaanse leiers en die hele Europese leierskorps, veral die Britte, is veel eerder te vinde vir 'n paaibeleid. Brittanje was selfs

(Vervolg op bladsy 6 kolom 2)

A.K.G. se Toestand

Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, wat vir meer as 'n maand in die Volkshospitaal, Kaapstad, behandel is, se toestand het tot 'n mate verbeter en hy word tans verpleeg in die huis van sy seun, mnr. J. Anthonie Smith, op Bellville.

NOU TYD VIR REPUBLIEK

— Dr. Van Zyl

lewe in duidelike taal geskets toe hy 'n afsluitingsfunksie van die Skiereilandse kommando's in die Ebeneser-saal, Maitland, toegesprek het.

Soos dinge vandag staan, het hy gesê, voel die O.B. dat hy nog steeds die vernaamste draer is van die republikeinse gedagte. Immers hy is in die lewe geroep juis om hierdie ideaal te verwesenlik. Solank die republiek nie verkry is nie, is dit sy roeping om daarvoor te stry. Hy is nie van plan om die stryd gewonne te gee nie! het hy onder toejuiging verklaar.

Na aanleiding van die toenadering van die politieke partye aan die Afrikanerfront het dr. Van Zyl 'n beroep gedoen op mede-republikeinsgesinde Afrikaners om hul kragte weereens by die Ossewabrandwag in te werp soos die geval was in 1939 en 1940.

Ons wil 'n beroep doen dat die persoonlike vetes gestaak moet word en dat die verdagmakery iets van die verlede moet wees. Die volk weet dat die O.B. met alle opregtheid die stryd om 'n republiek voer. Dit is dan ook in die gees dat ons 'n beroep doen op almal by wie die Republiek 'n lewensbelangrike saak is om na vore te tree en ons te help in ons stryd, het dr. Van Zyl gesê.

Hy het soos volg gepraat:

Die strewende na 'n republiek in Suid-Afrika verteenwoordig die hoogste drang van ons volk se mondigwording. Die Afrikanervolk het nog vóór die koms van die Britse gesag in Suid-Afrika tot 'n volk ontwikkel. Die Britte het aan die Kaap nie net 'n klompie Hollanders verower nie. Hulle het hier 'n nuwe volk, met 'n nuwe, alhoewel jong tradisie en leefwyse, gevind. Dit het dan ook deur die jare geblyk dat dit nie moontlik was om hierdie jong volk te laat opgaan in die oormag van Britse tradisie, taal en kultuur nie.

AFRIKANERVOLK UITGE-BUIT

Die Republikeinse drang is verder versterk juis as gevolg van die reaksie van die jong volk teen die aanslae van die vreemde oorheersers teen sy lewensbeskouing en sy tradisionele leefwyse.

Die nuwe stiefvader was ook nie altyd te kieskeurig in sy besigheid met sy stiefseun nie. En tereg het daar 'n gevoel ontwikkel asof die stiefseun (die jong Afrikanervolk) op meer dan een wyse uitgebuit geword is. Hy het nie sy regmatige deel ontvang van die rykdomme van sy land nie.

Die gevolg was die reeks van verwickelinge — die Groot Trek, die stigting van die Noordelike Republieke, die Eerste Vryheidsoorlog, die Tweede Vryheidsoorlog, die 1914-Rebellie en les bes die pogings van die O.B. in die afgelope Wêreldoorlog.

DIE VOORDELE VAN 'N REPUBLIEK

Die dryfveer na 'n Republiek bestaan egter nie net uit hierdie dinge wat ek genoem het nie. Daar is soveel direkte voordele aan 'n Republiek verbonden dat hulle in sigself 'n aanspooring is om 'n republiek te verkry.

EEN LOTSBESTEMMING

Vandag word allerweë beide deur Boer en Brit in S.A. erken dat ons in S.A. slegs een lotsbestemming het. Ons belange is presies eenders en wat met die kinders van die Afrikaanssprekende gaan gebeur, gaan ook die lot wees van die kinders van die Engelssprekende.

Nogtans staan ons as gevolg van die stryd van 'n eeu-en-'n-half in twee kampe verdeeld en wantrouig teenoor mekaar. Die

Afrikaanssprekende deel van die bevolking het ten opsigte van die toekoms reeds sy keuse gemaak, die Engelssprekende

LAAT ONS VOLHARD SÊ MEVR. DU TOIT

Dit is ongeveer vier jaar gelede dat ek weens gesondheidsredes moes gaan rus. En vanaand is ek baie bly dat ek weer in u midde kan wees. Ek wil my diepe dank en waardering uitspreek teenoor alle lede van die Ossewabrandwag — in sonder teenoor die vroue van die beweging — wat die vuur so

republiek; maar die O.B. weet dat die republiek slegs verkry kan word as die volk ééngeword het. Daarom staan die O.B. vir eenheid en vir die republiek.

MOENIE BANG WEES NIE

As gevolg van verwickelinge op die partypolitieke front het die Afrikaners nader aan eenheid gekom as ooit tevore. Die Ossewabrandwag sal staan by die nasionale regering waar hulle in Afrikanerbelange optree. Hulle moet nie bang wees vir volkseenheid nie en om die groot vraagstukke wat deur volkseenheid opgelos kan word aan te pak nie. Hulle moet republiekwording pak.

Mev. Du Toit het gesê dat die republiek — volgens uitspraak van al die Afrikanerleiers — by wyse van 'n volksreferendum verkry moet word. En almal besef die noodsaaklikheid om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te lig. As vraagstukke volksvraagstukke moet wees dan moet daar volkseenheid en 'n volksfront wees om die volk vir die oplossing daarvan ryp te maak.

VROUE SE TAAK

Op die vroue, aldus mev. Du Toit, rus daar 'n geweldige groot taak. Die O.B. kan sy werksaamhede nie voortsit sonder fondse nie. En die vroue moet dit insamel. „As julle saam met my glo dat die O.B. 'n groot taak het, dan sê ek, kom, laat ons voortgaan”, het mev. Du Toit onder toejuiging verklaar. Die Voorsienigheid laat ons nie vër vooruit sien nie, maar Hy gee vir ons ideale. As ons dit verloor dan verloor ons die toekoms.

Ten slotte het mev. Du Toit gesê dat die vroue in die verlede volhard het. Daarvoor verdien hulle opregte hulde. Laat ons die jaar afsluit met die woord: volhard en laat ons die nuwe jaar gaan begin met dieselfde woord: volhard.



Mev. Du Toit.

brandend gehou het dat ek vanaand weer kan bykom, het mev. (dr.) J. S. du Toit Maandagaand in die Ebeneser-saal, Maitland, verklaar toe sy haar eerste openbare vergadering sedert haar terugkeer as Kaaplandse Vroue-leidster toegesprek het.

In 'n welkomswoord het dr. Van Zyl verklaar dat hy mev. Du Toit terugverwelkom nie as brandwag nie — want dit het sy gebly — maar as eerste vrou van Kaapland wat opnuut haar onderbreekte pligte hervat.

Mense wat vra of die O.B. 'n reg van voortbestaan het verstaan gladnie die O.B. nie het mev. Du Toit gesê. Die O.B. het gekom om te veg vir die



Dr. F. D. du T. van Zyl.

word van Engeland sal die groot oorsaak van wantroue verdwyn. 'n Republiek sal die twee volksdele so heg aanmekaar bind in hul onverdeelde trou aan S.A., dat al die ou wantroue sal verdwyn. Daar mag nog onderlinge verskille bestaan oor vraagstukke van die dag, dog die suspisie (gegrond al dan nie), dat die een deel van die bevolking meer bekommerd is oor die belange van 'n moondheid oor die see, sal gou verdwyn.

IMMIGRASIE

'n Tweede voordeel om 'n Republiek te hê is om die trou van die immigrant te wen vir S.A. Wat gebeur vandag? Dit is die mges natuurlike ding dat die immigrant, wanneer hy in 'n vreemde land kom, hom sal skaar aan die kant van die sekse wat vir hom die sterkste skyn te wees. In S.A. met sy Empire-bande, sy oorheersend Engelse stede, sy Engelse handelstaal spreek dit byna vanself dat die immigrant hom aan Engelse kant sal skaar, selfs al is

(Vervolg op bladsy 2 kolom 3)

DIE O.B., WOENSDAG, 6 DESEMBER 1950

EMPIRE-KOUKUS VIR S.A. GEVAARLIK

In 'n berig oor die aanstaande byeenkoms van die eerste ministers van die Britse Empire vroeg aanstaande maand, word verklaar dat een van die hoofredes waarom die Britse eerste minister die konferensie belê het, sy besorgdheid oor die posisie van Sjina is. Hy begeer 'n „verenigde standpunt ten opsigte van 'n beleid met Kommunistiese Sjina sonder om in 'n oorlog betrokke te raak.” Dan word daar gewys op die gevaar van Republikeinse druk op president Truman wat laasgenoemde van sy gematigde beleid sal laat afwyk. „Attlee sal poog om 'n verenigde Statebondsfront ten opsigte van die Sjinese vraagstuk te skep ter ondersteuning van Truman en Acheson se gematigdheid aan die een kant en aan die ander kant om aan Sjina te toon dat daar nog 'n aansienlike mag in die Weste bestaan wat te vinde is vir gematigdheid.”

Uit hierdie persberig is dit baie duidelik dat ons te doen het met 'n Empire-koukus wat ten doel het om 'n bepaalde Britse standpunt van die nodige gewig te voorsien. Brittanje alleen is nie mans genoeg om vandag 'n beslissende rol in die wêreldpolitiek te speel nie, maar as hy sy hele ryk in een bondel saamgooi, kan hy sake beïnvloed. Afgesien van die vraag in watter rigting Brittanje hierdie saamgebalde invloed wil gebruik — iets wat opsigself 'n belangrike saak is — voel ons genoodsaak om teen die beginsel van 'n Empire-koukus te waarsku.

WÊRELDGROEPE

Die huidige wêreldpatroon bied weinig of geen geleentheid vir geïsoleerde optrede nie. Daar is twee wêreldkampe wat teenoor mekaar staan en elke staat word gedwing om sy keuse te doen. Suid-Afrika vind homself uit die aard van omstandighede by die Weste ingedeel en die leidende moondheid van hierdie groep is die Verenigde State. Nou wil ons geredelik erken dat dit onwenslik is om op alles wat die Verenigde State voorstel eenvoudig ja en amen te sê, maar of die Britse Empire met sy hoofkwartier in Londen die aangewese mag is om teen die Verenigde State op te weeg, is hoogs te betwyfel. Die Britse Empire het baie weinig gemeenskapliks in hom behalwe insover die element van gemeenskaplikheid, soos Britse stelsels, Britse geldwese en handel doelbewus en kunsmatig ingevoer is om Londen se invloed te verseker. Neem byvoorbeeld so 'n belangrike saak soos Kleur. Die Britse beleid druis regstreeks in met dié van Suid-Afrika, Australië en die Britse blanke gebiede in Afrika. Dit is dan ook opvallend dat in die stryd van Indië teen die Unie op die V.V.O. Suid-Afrika geen steun van Brittanje ontvang het nie, maar wel van Australië. Dit sal Suid-Afrika dus baie beter pas om sy vriende op grond van eendersheid van uitkyk en belang te soek in 'n losse en tydelike sameskakeling as om hom in 'n Empire-koukus te gaan opsluit met mense wat op belangrike grondbeginsels van hom verskil.

SJINA EN INDIË

Dat Brittanje 'n gemeenskaplike beleid ten opsigte van Sjina wil soek — 'n voorneme wat miskien verydel gaan word deur die nuwe wending in die Verre Ooste — is reeds vol bedenkinge omdat ons weet wat Brittanje se standpunt is. Hy was die eerste demokratiese land om diplomatieke betrekkinge met die Sjinese Kommuniste aan te knoop en hy was voorperd in die beweging om rooi Sjina te paai met lidmaatskap in die V.V.O. Suid-Afrika sal dus met hierdie paai-beleid moet saamgaan as die koukus so besluit.

Dit is ook nie net die posisie van Sjina wat op die Empire-koukus bespreek sal word nie. Die reeds aangehaalde berig meld ook dat die geskil tussen Indië en Pakistan oor Kasjmir te berde gebring sal word, terwyl die Cape Argus 'n onheilspellende verwysing maak na die geskil tussen Suid-Afrika en Indië:

„Daaruit (die begeerte om Indië as bondgenoot te hê) vloei voort dat heewel Suid-Afrika se bereidwilligheid om tot die verdediging van Afrika by te dra, waardeer word, die Weste nie die Unie se hulp sal koop ten koste van Indië se vriendskap nie. Wat vernaamlik vandag begeer word, is 'n einde van die geskil tussen Suid-Afrika en Indië en die herstel van die eenheid van die Statebond waardeur die doeltreffendste hydrae tot wêreldvrede en gevolglik ons eie verdediging gemaak kan word.”

Die posisie van Suid-Afrika skyn dus nie baie benydenswaardig te wees op die koukusvergadering van die Empire-eenhedskomitee nie. Dit is moontlik dat hy daar agter geslote deure weereens die spitroei sal moet herhaal wat hy tans openlik in die V.V.O. moet loop, met slegs die verskil dat in hierdie intiemer kringetjie daar veel dieper in sy binelandse aangeleenthede gekrap kan word omdat dit 'n familie-byeenkoms van „susters” is.

AARD VAN DIE REPUBLIEK

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

daar 'n nasionale regering aan bewind. Hoe anders sal dit nie in 'n Republiek wees nie. Die immigrant sal dan na S.A. kan kom nie net om 'n versterking te wees vir die Engels georiënteerde deel van die bevolking nie, maar wel vir S.A. Wanneer dié dag aanbreek dan sal ons in dieselfde posisie wees as Amerika. As die immigrant daarheen verhuis, dan word hy Amerikaner en getrou aan die belange van sy nuwe vaderland. Daar gebeur nie wat ons so dikwels in S.A. ondervind nie, dat die immigrant skaars hier aan land of hy sluit aan by die heftigste kritici van Suid-Afrika.

NATURELLEBELEID

'n Republiek in S.A. sal meebring dat 'n eenheidsoprede verkry sal word ten opsigte van naturellebeleid. Ek wil hier nie diep op die saak ingaan nie, dit slegs noem. Vir die blanke in S.A. is dit 'n saak van selfbehoud. Solank S.A. aan die Britse Ryk gekoppel is, sal daar altyd 'n deel van die blanke bevolking wees wat die Britse beleid ten opsigte van die natuur sal steun tot nadeel van die S.A. beleid wat in der waarheid (as ons die partypolitieke voordele tog tydelik kon opskuif) deur beide seksies van die blanke bevolking onderskryf word.

Die Britse beleid in Afrika is lynreg teen die S.A. beleid en dit loop daarop uit dat die natuur baasskap moet verkry in die Britse Kolonies van Afrika. Hierdie Britse beleid word in S.A. ondersteun deur diegene vir wie dit van groter belang is dat Brittanje Afrika moet behou of hy nou wit is of swart, dan dat daar blanke heerskappy in S.A. moet bestaan.

Alleen binne 'n Republiek, los van die Empire, sal ons hierdie tendens behoorlik te bowe kan kom.

NATURELLE-KOLONIES

Aansluitende hierby voel ek dat dit nodig geword het om iets te sê oor die Britse kolonies binne ons grense. Ons kan nie hoop om ons naturelle probleme ooit doeltreffend op te los nie, solank hierdie ongerymdheid van die Britse naturellebeleid bly bestaan. Ons het genl. Smuts dit verwyt dat hy die saak nie opgelos het alvorens aan die Tweede Wêreldoorlog deel te neem nie. Ons kan alleen hoop dat ons teenswoordige Regering anders sal handel waar ons aan die drumpel staan van 'n derde wêreld kataklisme.

AARD VAN DIE REPUBLIEK

Oor die aard van so 'n Republiek moet daar ook geen misverstand bestaan nie. Vir ons is daar nie te dinke aan 'n Republiek binne die Britse Statebond van nasies nie: En wel vir baie praktiese redes.

VERDEELDE LOJALITEIT

Solank S.A. 'n deel uitmaak van die Britse Statebond ('n ander naam vir die Britse Empire) solank bestaan daar 'n gevaar van verdeelde lojaliteit in S.A. Dit sou anders gewees het indien een deel van ons bevolking, nl. die Engelssprekendes, 'n ander moederland as Engeland gehad het. Aangesien dit egter 'n geskiedkundige feit is, sal die gevaar van verdeelde trou ook 'n feit bly, hoe opreg ons mede-Engelssprekende Suid-Afrikaner dit oorkom met sy land, Suid-Afrika bedoel.

SENIOR VENNOOT

'n Tweede rede waarom ons nie te vinde is vir 'n Republiek in die Britse Statebond nie, is

dat ons op dié wyse nooit werklik wegkom van die oorheersing van die senior vennoot in die vennootskap van nasies nie. Engeland is en bly die oorheersende vennoot en haar invloed sal aanhoudend die deurslag gee. Die Afrikanervolk moet hom nie laat mislei deur die moderne benaming van die Britse Ryk nie. As gevolg van die neigings by sy lede om hulle van die Empire los te maak, sorg die eeue-oue en fyn geskoolde Britse diplomatie daarvoor dat die Empire met sy idees en inrigtings gemoderniseerd bly.

In 1926 het die statebond van gelykgerigte dominiums tot stand gekom. In 1949 het dit moontlik geword om 'n Republiek te wees binne dieselfde Statebond. Steeds egter bly Engeland die oorheersende en toonaangewende staat, die senior vennoot, die besturende direkteur.

VRYWILLIGE BANDE

Wanneer daar 'n internasionale krisis dreig, dan onderhandel ons eerste minister of die eerste minister van Kanada of die president van Indië nie met President Truman nie. Dit is Attlee wat die onderhandelinge voer. Hy word dan die vertroueling van S.A. Ons hoef wel nie ja en amen te sê op alles wat hy doen of besluit nie. In die praktyk sal dit egter selde anders gebeur. Die bande van 'n „Vrywillige Assosiasie” van dié aard is amper sterker dan die bande wat deur verowering gesmee word. Die samestelling van die Statebond is sulks dat daar 'n informele statebondsbestuur ontwikkel het bestaande uit 'n vergadering van die eerste ministers van die geassosieseerde lande, altyd egter met die eerste minister van Brittanje as voorsitter en oorheersende invloed.

OËNSKYNLIKE NADELE VAN 'N REPUBLIEK

Die groot gevaar van 'n Republiek wat ons telkemale voor oë gehou word, is dat jy oorsese kapitaal uit die land sal verdryf, terwyl ons as 'n jong land die allergrootste behoefte aan ontwikkelingskapitaal het. Daar is niks verder van die waarheid nie. Kapitaal, of dit nou Engels, Amerikaans, Frans of Duits is, vlug nie weg van 'n Republiek nie. Dit vlug alleen weg van 'n onstabiele regering. Dit maak nie saak of 'n land 'n Republikeinse, 'n monargistiese of 'n dominiële statebondse regeringsvorm het nie. Indien die staat voordelige beleggingsgeleenthede bied en indien die belegger as gevolg van ervaring weet dat die Regering van die staat 'n progressiewe ekonomiese beleid volg en nie roekelose neigings toon nie, dan sal daar nooit 'n gebrek aan beleggingsgeld wees nie (afgesien van 'n algehele gebrek gedurende tye van 'n wêrelddepressie).

Inteendeel sal 'n Republiek in S.A. m.i. juis aantrekliker word vir buitelandse kapitaal omdat ons dan van groter stabiliteit van regering verseker sal wees weens die groter lojaliteit wat alle dele van ons be-

volking dan aan S.A. sal betoon.

POGING MISLUK

Nadat die teenswoordige regering die bewind aanvaar het, is daar om partypolitieke redes die grootste poging aangewend om S.A. ekonomies te verongeluk. Die poging het alleen misluk omdat die regering 'n krag en stabiliteit getoon het wat die saboteurs onder leiding van genl. Smuts nie vermag het nie. Vandag word alreëls erken dat S.A. se naam in die vreemde meer onwelriekend is dan ooit tevore. Ten spyte daarvan is daar nogtans 'n ongekende toestroming van kapitaal hierheen. Aan die eenkant vind jy hoedat S.A. in die Britse Pers swart gesmeur word. Aan die anderkant vind jy dat die Britse nyweeraar alhoewel sy geld in S.A. belê en sy fabriek hierheen verskuif.

NIE TEEN REPUBLIEK

Die Engelssprekende nyweeraar in S.A. is self nie teen 'n republiek gekant nie. Daar was 'n tyd toe hy onder die invloed van die sabotasie-propaganda van genl. Smuts self ook onverstandig begin handel het. Vandag egter is hy skaam oor sy deel aan die sabotasie van 1948 en 1949 en beseft hy nie alleen hoeveel skade hy S.A. berokken het nie, maar ook hoe onwaar dit is dat onder 'n nasionaal-georiënteerde regering kapitaal kwansuis die land sal uitvlug.

Gaan na die hotelle van ons groot stede vandag en jy sal vind dat hulle almal vol is van mense uit die buiteland, uit Amerika, Engeland, die vasteland van Europa, ens. Almal soek beleggingsbronne vir hul kapitaal en dit ten spyte van die slegte naam wat S.A. vandag in die buiteland het!

IS DIE REPUBLIEK TEEN ENGELSE GEMIK?

Ek wil toegee dat die beleid wat Engeland in S.A. gevoer het 'n spoorslag was vir die drang na 'n republiek en ook dat die dislojale houding wat sekere Engels-georiënteerde instansies vandag nog teenoor S.A. aanneem 'n spoorslag bly vir die republiek. Maar niks is verder van die waarheid dan dat 'n Republiek in S.A. anti-Engels hoef te wees nie. Die drang na 'n Republiek het ontstaan nog voordat die Engelse hier voet aan wal gesit het. Reeds in 1793 onder die bewind van die Oos-Indiese Kompanje het die Republieke van Graaff-Reinet en Swellendam ontstaan. Die republikeinse drang spruit uit die onafhanklikheidsin wat daar by die jong S.A. volk ver weg van sy Europese oorsprong ontstaan en gegroei het. Dit is net so min anti-Engels in wese as wat dit destyds anti-Nederlands was. Dit is bloot 'n pro-Afrikaanse gesindheid wat bruis in die hart van ons jong volk, en selfs swaar onderdruk word in die harte van menige jong Engelssprekende Suid-Afrikaners.

„BANG, BANG”

As mens die anti-republikeinse propaganda in die Engelse (Vervolg op bladsy 6 kolom 1)

KERS- EN NUWEJAARSWENSE

Wens u vriende en familieleden met Kersfees en Nuwejaar geluk in Die O.B.

2/6 vir 36 woorde (spesiale tarief), en 1d. per ekstra woord. Geld moet saamgestuur word.

WENSE moet Posbus 1411, Kaapstad, bereik voor 15 Desember.

Lewenskoste Styg Ten Spyte Van Politiekery — En Foutiewe Syfers

Die probleem van stygende lewenskoste bied 'n aanskoulike voorbeeld van die betekenisloosheid van die verwyte wat twistende politici mekaar dikwels toeslinger. In die dae toe die Verenigde Party aan bewind was, het die H.N.P.-opposisie hulle baie kwaai aangeval oor hulle versuim om die styging van die lewenskoste die hoof te bied of om dit selfs maar vas te pen. Hulle het die „keurbende van onbevoegdes” — soos hulle die V.P.-regering genoem het — verantwoordelik gehou vir die duur lewe en gepleit daarvoor dat die bewind aan hulle toevertrou moet word — dan sal hulle vir die volk wys hoe die lewenskoste-probleem opgelos moet word!

Ons wil geredelik toegee dat die kwaai aanvalle van die H.N.P.-opposisie teen die V.P.-regering allesins billik was — want dit is tog immers die taak van die regering om te sorg dat die huisgesinne van ons volk kan bestaan op die inkomste wat die gesinshoofde verdien.

Maar sedert 1948 is daar nie meer „'n keurbende van onbevoegdes” aan bewind nie. Dieselfde Opposisie wat voor 1948 so hartstogtelik gepleit het vir die verlaging van die lewenskoste terwille van die „gewone man” en wat die lewenskoste-probleem sou oplos is nou aan bewind — en is al vir twee-en-'n-half jaar aan bewind.

En wat gebeur nou? Nou verwyrt pot die ketel! Dieselfde party wat voor 1948 niksgedoen het om die stygende lewenskoste te verhoed nie verwyrt tans die regering dat hy onbevoeg is om die lewenskoste-probleem op te los. En dieselfde party wat vóór 1948 gesmag het na die bewind om die stygende lewenskoste te kan rem laat vandag — as regering van die land — toe dat die lewenskoste al hoër en hoër styg.

Verstandige mense moet erken dat die verwyte van die H.N.P. aan die adres van die V.P. en die V.P. se verwyte aan die adres van die H.N.P. oor die kwessie van lewenskoste heeltemal betekenisloos is. Op sy beste is die verwyte slegs party-politieke praatjies om stemme af te rokkel en te vang. Maar dit is tog by verkiesingsgeleentheid baie belangrik.

In 1948 het duisende kiesers — sommige wat deel uitmaak van die sogenaamde „vlottende stem” en ander belydende V.P.-mense — teen die Smuts-regering gestem omdat hulle swaar gekry het onder die druk van die stygende lewenskoste. Hulle het hulle oorlogsheld — wyle genl. Smuts — oorboord gegooi toe hulle beursies begin leeg raak.

Die huidige regering kan die les wat die V.P.-regering in 1948 geleer het gerus ter harte neem. En in alle billikheid kan hulle gerus onthou dat die verlaging van die lewenskoste een van hulle verkiesingsbeloftes was. Hulle het hierdie belofte nog nie nagekom nie. Hulle het nie eers die lewenskoste vasgepen op die 1948-syfer of op selfs 'n later syfer nie. Intendeel die lewenskoste styg nog steeds.

'N FOUT

Die regering mag dink dat die apartheidsmaatreël wat hulle tref genoegsame waarborg is teen die ontevredenheid oor hulle versuim om die bestaan van die volk te beveilig. Dis 'n gevaarlike gedagte. In 1948 het die Verenigde Party ook gedink dat die persoon van sy leier en sy oorlogsverlede 'n genoegsame waarborg is — en hy het verkeerd gedink.

Die hoogte van lewenskoste word aangedui deur 'n indeks-syfer wat verkry word na gelang die lewenskoste daal of styg onder of bokant 'n gemiddelde familie begroting wat deur die indeks-syfer 100 aangedui word.

DIE BASIS

Die gemiddelde familiebegroting (of die syfer 100) waarvolgens die hoogte van lewenskoste vandag aangedui word (in terme van syfers bokant of onderkant 100) is verkry deur 'n opname van familiebegrotings wat in 1936 gemaak en in 1938 gepubliseer is. Hierdie gemiddelde familiebegroting stel die

vereiste maandelikse inkomste van 'n familie bestaande uit vader, moeder, seun van 12 jaar, dogter van 9 jaar, seun van 5 jaar en 'n naturellebediende op £28 2s. 5d. vas. Dit is die bedrag van lewenskoste wat gelykstaan met die syfer 100.

Indien die regering die lewenskostesyfer op 'n bepaalde tydstop aandui met 150 dan beteken dit dat die regering verklaar dat op daardie tydstop 'n gesin van vyf lede met 'n gekleurde bediende 'n inkomste van £42 3s. 7d. nodig het om te kan bestaan. Laat ons nou nagaan hoe die amptelike lewenskostesyfers met die werklikheid vergelyk.

STYGINGS

In 1938 was die syfer 100; daarna het dit jaarliks soos volg gestyg: 1940 — 103.4; 1941 — 108.2; 1942 — 117.3; 1943 — 124.4; 1944 — 128.8; 1945 — 132.2; 1946 — 134.1; 1947 — 139.7; 1948 — 147.8. Tot sover was die Verenigde Party aan bewind.

In Mei 1948 het die Malan-regering oorgeneem. En sedertdien was die stygings soos volg: 1949 — 153.2; en die gemiddeld tot op datum vir 1950 was 158.4. Vir Oktobermaand 1950 was die syfer 162.

As ons nou die lewenskostesyfer, soos dit deur die regering aangedui word, vandag op 160 stel dan beteken dit dat die regering vir elke huisgesin van 5 lede met 'n bediende sê dat hulle 'n maandelikse inkomste van £44 1s. 4d. nodig het om te kan bestaan. Indien ons egter bepaal dat so 'n huisgesin £70 per maand nodig het om te kan bestaan dan is die lewenskostesyfer 250! En ons wil aanvoer dat £70 per maand nader aan reg is as £44 per maand.

BRA MIN

As die regering se syfer van 160 en £44 per maand aangee word, dan bereken die regering dat die gesin slegs £15 per maand vir kos moet uitgee; £5 per maand vir klere en skoen; £11 per maand vir huur en belasting; £2 per maand vir dokters en medisyne; £2 per maand vir assurance; en les bes £1 6s. 9d. vir 'n bediende. Dit sal dan beteken dat die gesin se kosrekening sedert 1938 tot 1950 gestyg het van £8 tot £15; die klererekening van £2 10s. na £5; huur en belasting van £6 na £11.

ONJUISTE GRONDSLAG

Dit wil derhalwe voorkom asof daar nie alleen versuim word om die lewenskoste te verminder of vas te pen nie, maar dat die regering selfs versuim om 'n lewenskostesyfer te verstrek wat rekening hou met die werklikheid. In die dae toe die huidige regering die land se opposisie was, het hulle die lewenskostesyfers van die Smuts-bewind as onjuis bestempel. Maar vandag bereken hulle die lewenskostesyfer net soos die Smutsregering dit bereken het. Dit is derhalwe ook onjuis.

Die vraag kan nou gestel word of die lewenskosteprobleem dan onoplosbaar is. En as dit wel opgelos kan word waarom bly die oplossing dan uit? Moet aangeneem word dat die volk slegs een „keurbende van onbevoegdes” verruil het vir 'n ander keurbende van ewe onbevoegdes? Die regte antwoord is dat die volk een politieke party verruil het vir 'n ander een. Maar dat die kapitalistiese ekonomiese stelsel onder die Malan-bewind presies voortwoeker soos onder die Smuts-bewind.

OPLOSSING

Na die eerste wêreldoorlog het die kapitalistiese beheerders van die volke se ekonomiese huishoudings besluit om geld duurder te maak. Dit het gelei tot depressies. Na die tweede wêreldoorlog het hulle besluit om geld goedkoper te maak. Dit lei tot die stygende lewenskoste. En geen regering wat kapitalistiese beheer oor sy volk se ekonomiese huishouding duld, kan daar iets aan doen nie — selfs nie eers as daardie regering „'n keurbende van kragdadiges” is nie!

Daar is net een oplossing. Hervorming — weg van die kapitalisme af, wat aan die volk — en sy regering — seggenskap oor sy beroeps- en bedryfswêre, oor sy ekonomiese huishouding sal gee. Daarom het die Afrikanereenheidskomitee 1941, met goedkeuring van al die samestellende organisasies, neergelê dat „die uitbuiting van die Afrikanerdom deur enige geldmag beëindig moet word. Die rykdomme van die land moet kragtig ontwikkel word in volksdiens en tot versekering van 'n menswaardige bestaan aan elke volkslid.”

Indiërs Kraai In Empire Koning

Die Britse Statebond met Indië daarin is besig om 'n plek van vernedering vir Suid-Afrika te word. Dr. P. J. van Nierop was verlede week verplig om uit te stap op die byeenkoms van die Parlementêre Vereniging van die Statebond onderwyl die Indiese afvaardiging 'n aanval op die Unie se binnelandse beleid gedoen het tydens 'n bespreking van die kwessie van volksverhuising binne die Empire. Die byeenkoms wat in Nu-Seeland plaasgevind het, was verteenwoordigend van al die Statebondslende, en het as voorsitter gehad 'n afgevaardigde van Pakistan.

Die Indiese afgevaardigde, Govind, het gesê dat die blankes in Suid-Afrika, wat 'n vyfde van die bevolking uitmaak, nie van die bevolking, die nie-blankes, voortgaan om vier-vyftes van die bevolking, die nie-blankes, te oorheers nie. Dr. Van Nierop het gevra of 'n afgevaardigde die binnelandse sake van 'n land en sy beleid kan bespreek en dinge sê wat nie waar is nie. Die voorsitter het besluit dat dit wel kan gebeur en gesê afgevaardigdes het die reg om valse verklarings te weerlê as hulle wil.

Die beslissing is toegejuig en dr. Van Nierop het uitgestap en buite gebly totdat Govind sy toespraak beëindig het. Laasgenoemde het gesê dat daar verskriklike gevolge sal wees as toestande bly voortbestaan soos dit vandag is. 'n Vyfde van


die bevolking kan nie voortgaan om die res te oorheers nie. „Ons wil nie graag hê dat ons mense behandel moet word soos in sommige dele van die wêreld nie. Ek het hierheen nie vir die beswil van Indië gekom nie, maar vir die beswil van die Statebond.”

Na die toespraak het dr. Van Nierop die Unie se beleid verdedig en onder meer verklaar dat slegs 'n veertigtal Indiërs gebruik gemaak het van die aanbod om teen vergoeding na Indië terug te keer.

Dit sal beter wees vir Suid-Afrika om as staat uit die Britse Empire te stap as dat hy verteenwoordigers na Empire-byeenkomste stuur waar hulle verplig word om uit te stap en daarna darem maar te antwoord op wat daar in hul afwesigheid gesê is.

DIE VERBAND WAS HOOG ...

Sou sy die huis behou?



Fanie en Rina het elke moontlike pennie gespaar om daardie verband op hul huis afbetaal te kry—van menige plesiertjies afgesien om hul kinders 'n ware tuiste te kan gee. Alles het goed gegaan; nog 'n paar jaar en die huis sou hul eie wees. En toe oorval die noodlot hulle—Rina is alleen agtergelaat—'n jong weduwee met kinders om voor te sorg, groot te maak en op te voed. Nou moes sy sorg dat hulle 'n tuiste sou hê.

Gelukkig het Fanie vroegetydig rekening gehou met al sy verpligtinge. Hy het nie net gesorg vir genoeg assurance op sy eie lewe nie; hy het ook die verband op die huis verseker

Daar is altyd uitkoms by Sanlam!



Sanlam, Afdeling 17a, Posbus 660, Kaapstad.

Laat my asb. dadelik weet hoe ek kan voorsorg tref dat my huis se verband afbetaal word indien ek nie meer daar sou wees nie.

NAAM:

ADRES:

Beroep:..... Ouderdom volgende Verjaarsdag:..... 51

TARIEF VIE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

BURGER.—Aan Fanie en Dalene (Crafford) 'n dogter op 28 November, in die Amoria. Dank aan dokter, suster en personeel. 6/12/1B

TE KOOP

Tien gekruide Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafer Du Toit, Malanastasie. 4/10/19B

Voorrekkerskispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — „Werkloos”, Posbus 1411, Kaapstad. T.K.

GRYSHARE

GRYSHARE, skifers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wereldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. —Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

Antigry kunsmatige haar, kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. F14/6/50

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr.1) 1/9/49

MÜLLER SE
MUSIEK-
SENTRUMS

Kaapstad . Parow . Bellville

Paarl . Worcester

Stellenbosch

R. MÜLLER BPK.

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse genesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: **ANDREWS SE PYNPLEISTERS**, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

MARK AGENTE

Kamerade Aandag! As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings Bellingan, U.T.H., die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroeëtydig by **Sunrise Nurseries**, Posbus 4 Nuwe-plaas. 19/4/TK

VAN'S CONCRETE PRODUCTS
(EDMS.) BEPERK

Direkteure:
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

TEELS (vloer en muur — verskillende tipe), **KOMBUISOPWASBAKKE** (vleklose staal en Terrazzo), **SEPTIESE EENHEDE** — W.C. STELLE, **BADDENS EN HANDEWASBAKKE**, **VERF EN STAALVENSTERS**, **LOODGIETERS BENODIGDHEDE**, ENS. 8/11/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse Babawaentiles, stootkarretjies, diewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS**, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisietaannemers. Foon 9-8435

VERVOERDIENS

Vir algemene karweewerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW

Skeidslyn Moet
Suiwer Getrek
Word Nou

Genl. J. A. Smith skryf as volg vanuit die Volkshospitaal, Kaapstad:

Dit was in die tyd van die Afrikanerrepublieke dat so 'n blykbaar georganiseerde veldtog binne- en buitelandse teen die Afrikaner laas gevoer is. Haas geen boek word sedert 1948 in Engels gepubliseer of dit is deurspek van aanvalle op die Nasionale Afrikanerbewind en van pleidoorie vir die sogenaamde regte en voorregte van die inboorling. Die omstandigheid van Engeland bring dit m.i. mee. Ontroof van al sy ryk inkomste en goedkoop goedere uit besittings in die Ooste, bly hy oor met slegs Afrika as die laaste en enigste melkkoei en afsetgebied vir sy handelsware. Die Britse politiek vereis nou 'n veldtog teen enige verdere selfstandigwording in Afrika. Liewer 'n bruin bastervolk of die Bantoe in sy heidendom as arbeiders in Afrika en soldate vir die Ryk dan enige selfstandig-ontluikende blanke groep van ander nasionale aspirasies.

En hier onder ons het daardie beleid sy volgelinge. Sterker negrosisties was geen Engelsman ooit anderkant die see as wat die Verenigde Party hom voor en nou op sy kongres uitgespreek het nie. 'n Mens het geskrik om te sien dat daardie party hom ook nou aan die kant van Indië en kleurnasies op die V.V.O. skaar. En hulle sweep die gekleurde rasse erger op as die Kommuniste.

NUWE INDELING

Dit beteken dat in die plek van die ou partypolitieke indeling daar nou 'n definitiewe skeidslyn getrek behoort te word tussen die voorstanders

GRAFSTEEN-ONTHULLING

Die grafsteen van wyle Hoof-kommandante H. S. Brink sal D.V. onthul word op Sondag, 10 Desember 1950, om 3-uur nm, te Sutherland. Almal is welkom.

Somertabberds

In Hul

Heldere

Patrone

BY

Steyns

DIE MODEWINKEL

Parow

U Radio moet van Morkel wees

SES TAKKE

„Besook ons Tak in die Wandelgang, Groot Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.”

Soos Ons Lesers
Dit Sien

die vooruitsig gestel word, die weg open na die skepping van sodanige volksfront tot ons eersdaags as volk buite partytwiste verenigd in die blanke Republiek van Suid-Afrika sal staan. Laat elke O.B.-lid waar enigeen van die ander steun nodig het, reeds noual vir voorbaat steun gee in die stellige verwagting dat die leuse van al die nasionale volksorganisasies eersdaags sal wees: elkeen vir almal en almal vir die republiek. Daar is Pretoria-Oos. Laat elke O.B. toon aan watter kant van die groot skeidsmuur hy staan.

Goeters Vlie En
Val In Engeland

Die Engelse begin vreemde dinge in die lug gewaar. 'n Week gelede het twee loodse tydens 'n vlug iets gesien wat lyk na 'n „vliegende piering.” Hulle het dit betreklik van naby gesien totdat die voorwerp platgedraai en verdwyn het.

Gelyktydig hiermee is daar van verskillende kante berig van stukke vallende ys. 'n Blok ys van 'n voet lank en vier duim dik het by Hertfordshire uit die lug geval en langs 'n konstabel te lande gekom. In Skotland is 'n skaap deur 'n blok ys verongeluk, terwyl 'n ander groot blok deur 'n motorhuis se dak in Wandsworth, Londen, geval het. Dit is na die laboratorium van die ministerie van lugvaart vir ontleding geneem. 'n Ingenieur het 'n voorwerp wat lyk soos ys in sy tuin in Essex gevind. Hy het gesê dit is nie ys nie, en dit wou nie smelt nie, maar dit is ook nie glas nie. Ook hierdie stof is vir ontleding na die laboratorium gestuur.

Sonneblom Groei
In Long

'n Sonneblom wat in die long van 'n tweejarige dogtertjie, Patricia Fredlake, van Kansas City, gegroei het, is met welslae deur 'n operasie wat 'n halfuur geduur het, verwyder.

Geneesherse het die ontkiemende saad ontdek toe hulle haar behandel het vir herhaalde longontsteking. Die dogtertjie het die saad drie maande gelede in haar long ingetrek toe sy aan 'n blom geruik het. Dit het reeds verskillende gesonde wortelspruitjies gehad van selfs soveel as een duim lank.

Joodse Waghond
Hou Wakende Oog
Oor Nazisme

Dit blyk dat daar 'n internasionale Joodse organisasie bestaan met 'n permanente hoofkwartier en uitvoerende amptenaar wat homself beskou as die waghond van die Jodedom wat moet blaf sodra hy êrens tekens bespeur van wat hy beskou as die herryse van die Nazisme.

Dr. R. S. Marcus, hoofamptenaar van die World Jewish Congress het onlangs sy organisasie se besorgdheid uitgespreek teenoor die Colombiaanse gesant in Amerika oor die „verregaande” Nazisme wat in Colombia beoefen sou word. Hy het meegedeel dat „Colombiaanse studente in die stad Medellin” op 27 Oktober 1950 'n herdenkingsdiens gehou het ter ere van die Nazi-leiers wat as oorlogsmisdadigers

tereggestel is.” Dr. Marcus vertel dat diegene wat die diens bygewoon het „swastika-armbande” gedra het, dat hulle Nazi-liedere gesing het, Nazi-pamflette versprei het, en selfs portrette van Adolf Hitler!

Dr. Marcus gee te kenne dat hy geskok is omdat die staat van Colombia blykbaar oogluikend toelaat dat „openbare Nazi-demonstrasies” gehou word en dat organisasies wat openlik Duitse Nasionaal-sosialisme bely in die land bestaan.

Dr. Markus erken dat die grondwet van die staat voorsiening maak vir die vryheid van die woord, die pers en organisasie maar hy voer aan dat hierdie voorregte nie aan Nazi-oortuigdes gegee moet word nie.

Was U Ook By Die
Ossewaens?

- Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as **VOLKSGENOTE** in plaas van **PARTY-GENOTE**?
- Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlamende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?
- Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?
- Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?
- Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se **EIE STAATSTELSEL** op die grondslae deur ons vaders gelê.
- Daarmee kan u help deur nog 'n leser van **DIE O.B.** te wen.
- As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 6 DESEMBER 1950

Vir ons Offisiere Verduidelik ons

ONS BELEIDSPUNT NO. 5 en 6

'n Blank Suid-Afrika met Geleidelike Segregasie van die Nie-Blankes

Die Ossewa-Brandwag se beleid ten opsigte van die nie-blanke is een van apartheid en die verhinderende van rassevermenging tussen blank en nie-blank. Oor die algemeen is hierdie beleid bekend as dié van segregasie en dit is vir die laaste dertig jaar en meer deur genl. Hertzog voorgestaan. 'n Breër uiteensetting sal wel hier nie nodig wees nie, omdat dit — soos gesê — geen nuwe gesigspunt is nie.

Moontlik kan ons net sekere aspekte beklemtoon.

In die eerste plek kan daar verskeie grade of soorte segregasie wees. Byvoorbeeld: biologiese of bloedsegregasie; die verbod op gemengde geslagsverkeer, hetsy binne of buite die huwelik. Hierdie vereiste is die minimum wat die O.B. voorstaan.

Verder is daar ander grade of soorte soos 'n ekonomiese segregasie; 'n voorbeeld hiervan vind ons in die kleurslagboom, wat sekere werk net vir blankes wil uithou. Ook hiervoor staan die O.B. tot tyd en wyl die totale segregasie — d.w.s. die verskuiwing van aparte rasse na aparte landsgebiede — dit vanself oplos.

Maar ons staan ook die maksimum-mate van segregasie wat verkry kan word, naamlik die gebiedsegregasie, voor. Dit is egter 'n ingrypende en baie diepsnydende maatregel, wat beide die blanke en die nie-blanke se ekonomiese lewe radikaal gaan affekteer, en dit kan nie met een slag gebeur nie.

Daarom, weens die verregaande implikasies en die noodsaaklikheid van gestadige ekonomiese en industriële aanpassing van altwee kante af, sê die Ossewa-Brandwag dat — wat die maksimum-graad betref — hy vir geleidelike segregasie staan.

Die segregasiebeginsel is reeds meer as 250 jaar oud en is lankal by die Afrikaner in toepassing. Ook ons glo daarin omdat dit die regverdige ten opsigte van beide blankes en nie-blankes is; alleenlik langs hierdie weg kan die Afrikaner en die naturel elk sy eie karakter, nasieskap, kultuur en menslike vryheid uitleef en verder ontwikkel.

AFRIKA VIR DIE AFRIKANER

Ons glo dat die Afrikaner — d.w.s. die blanke wat in Suid-Afrika wortel geskiet het — hier 'n roeping het en dat hy daardie roeping kan nastreef sonder inmenging en diktate van ander oorsese lande.

Die leiding van hierdie land is in die hande van 'n Europese ras gelê en daardie ras het met die bodem saamgesmelt, sodat hy net een trou en net een liefde hier het en dié heet: „Suid-Afrika.” Hy gaan daardie leiding behou en as dit hom betwis word, dan gaan hy seer sekerlik daarvoor veg. Dit maak nie saak of die teenstander wat die leiers wil gryp, uit Europa, Asië of waar ookal kom nie. Ons hoor dikwels die kreet „Asië vir die Asiate” en ons het daar vrede mee. Maar dan moet die selfde mense wat skreeu „Asië vir die Asiate”, nie maak asof dit beteken ook „Afrika vir die Asiate” nie.

As die blanke Afrikaner 'n innerlike vertwyfeling ontwikkel, wat hom laat sê en handel asof hy nie die reg het om te lei nie . . . asof hy die leiding


nou aan anti-nasionale en anti-blanke elemente, wat hulle opruiing vanuit Rusland en Asië of waar ookal ontvang, moet toevertrou — as dit so is, dan sê ons net dat die betrokke blankes wat so twyfel, nie in die Ossewa-Brandwag tuis sal voel nie. En namate die ideale van die Ossewa-Brandwag grondvat, sal daardie twyfelars of van hul twyfel genees raak of hulle sal nêrens in die land meer tuis voel nie.

Ons glo in die blanke ras se leiereiskappe, ook in Suidelike Afrika, en ons glo verder dat daardie blanke ras wat al sy toekoms en al sy versugtinge vanuit Europa na hierdie land oorgebra het, juis dié blanke ras is wat die mees gevestigde reg het om hier leiding te gee.

En daardie ras is dié Afrikaner.

Maar die Afrikaner sou dwaas wees as hy sy heil in isolement soek, afgeskei van alle krag en frisse bloed wat uit die moederlande kan stroom om sy posisie hier te versterk. Daarom sê ons ook dat ons aansluiting en samewerking soek met die verwante volkere van die Westerse (d.w.s. Wes-Europese) kultuurkring. Die kring waaruit ons voorouers en ons sedes en geloof gekom het.

Ons Blokkiesraaisel



DWARS

AF

1. Nie offisiere.
8. Nagvoëls.
9. Tentlewe.
10. Beroep.
11. Mak perd/donkie.
14. Gewoonweg.
15. Haar naam.
16. Olifant-reserwe.
18. Wat val?
19. 'n Hele paar.
20. Graf (Mohammedaan).
24. Saamhorig.
25. 'n Gedagte.
26. Presies.

2. Groot
3. Iemand se van.
5. Besitting.
6. Ek trek 'n reguit streep wat . . . is met 'n . . . (Twee woorde)
7. Deurmekaar spul.
11. Watervervoermiddel.
12. Vol streke of
13. Deel van baadjie.
14. Broeiplekke.
17. Lig in 'n tent.
20. Amper „Uitsit.”
22. Byna u-n-i-e.
23. Onbekend.

Antwoorde - - Ons Blokkiesraaisel

DWARS

AF

1. Brandwagte. 8. Uile. 9. Laertrekke. 10. Nering. 11. Makkesel. 14. Normaal. 15. Tesa. 16. Addo. 18. Reënval. 19. Eilikes. 20. Kramat. 24. Eensgesind. 25. Idee. 26. Noulettend.
2. Raad. 3. Nortje. 5. Eilendom. 6. Liniiaal/dik. 7. Mengelmoes. 11. Motorskuit. 12. Kaskenades. 13. Lapel. 14. Nesse. 17. Lantern. 20. I-U-T-S-I-T. 22. I-N-E-U. 23. Anon.

Ons Lede Se Bydrae

Jaques du Bois

Terwyl Jaques deur die bosse voortstompel, dink hy nogeens oor die snaakse gedrag van die oubaas wat aan hom werk verskaf het en hom ongetwyfeld weer op sy bene gebring het. Jaques was 'n Franse skipbreukeling, en hoewel oubaas Piet Hugo ook 'n Hugenoot is, kon hy tog merk dat die ouman hom alles goedgesind was en 'n paar kere al het hy die oukêrel daarop betrap dat hy in sy (Jaques s'n) rigting met 'n geweer korrel. Hy het eers gedink dis somer 'n gewoonte, maar nou dink hy anders.

Onwillekeurig voer sy gedagtes hom terug na die vroeë oggendure toe hy vir sy lewe moes veg teen die bonatuurlike krag en geweld van die see. Hy het die kus bereik, maar in so 'n toestand dat hy vir etlike ure moes bly lê om weer sy kragte te herwin. Dit was eers drie uur later dat hy weer kon voortgaan, maar die landstreek was vir hom so onbekend dat hy sy rigting hopeloos kwytgeraak het. Teen die middag het hy die Visrivier bereik, en hier kon hy hom weer was en sy ueters gehawende voorkoms effens verbeter. Hierna het hy weer aangesukkel in 'n noordelike rigting, tot hy teen die laat namiddag 'n swierige klipgebou in gesig gekry het. Hy het ook somer dadelik in daardie rigting gestrompel, terwyl allerhande gedagtes in sy kop dremaal het. Daar sou hy ten minste voedsel en rus vir sy liggaam kry — hy sou ook daar werk tot dat hy in so 'n posisie is om terug te gaan Kaap toe, sodat hy 'n permanente vestiging kon kry.

Dog sy mymeringe is spoedig op 'n hardhandige manier onderbreek en hy kon die naakte werklikheid in die gesig staar. Hy was reeds by die hek, maar 'n paar groot honde het so briesend op hom afgestorm dat hy onmiddellik retireer het en onwillekeurig sy hand na sy mes laat sak het. Hy was darem 'n geoeffende mesgooier en 'n vyand sou eers met die dodelike trefkrag daarvan moes kennis maak voordat hy Jaques kon bereik. Voordat hy egter defensief kon optree, het hulp uit 'n onverwagte oord opgedaag. Dog die hulp was van so 'n aard dat Jaques oombliklik alle gevare

vergeet het en die beeldskone dame hier voor hom aangestaar het. Stotterend het hy sy verhaal vertel, maar die oubaas, wat intussen bygekom het, wou sy verhaal nie glo nie en uitdruklik verklaar dat Jaques 'n rondloper is.

Op aandrang van Annette Hugo is hy toe in diens geneem op die plaas en na 'n paar weke is die onmiddellike omgewing reeds in 'n modeltuin omskep. Hy het toe sy aandag op die rivieroewers gevestig en dit met behulp van Hottentotte in landerye omskep. Hy het hom ook besonder toegeneë teenoor Annette gevoel, en dis juis hieroor dat oom Piet hom die dood voor oë voorspel het as daar iets persoonliks tussen hom en Annette sou ontwikkel. Hy het hom egter nie daaraan gesteur nie, maar tog vir Annette in die geheim ontmoet. As hy niks te doen gehad het nie, het hy hom ook daarop toe gelê om te oefen met sy mes, want die kunsie wou hy nie afleer nie. Sake het so aangehou totdat oom Piet hom in Annette, sy dogter, se geselskap betrap het, en toe was die gort gaar.

Die span werkers het in sig gekom, en terwyl hy aanstap in hul rigting, word alles weer vergeet. Hy moet werk. Dan wonder hy weer waar oom Piet hom nou bevind. Hy en Annette het vanmiddag die woning te perd verlaat en verklaar dat hul hom op die landerye sou kom besoek.

Toe dit vier-uur word, vee hy die sweet van sy voorkop af, neem sy koffie en stap na 'n reeks bome om dit daar te geniet. Maar as hy naderkom, hoor hy stemme en op sy gemak begin hy aanstap tussen die bome deur. Dan steek hy skielik vas, en terwyl sy mes outomaties deur die lug trek, knal daar 'n skoot en Jaques syg met 'n onderdrukte kreun teen die grond neer.

Oom Piet stap vorentoe, glimlag en sê: „Soe! dit was ek of hy. Maar so 'n ou roer kan darem nog skiet nê? Annette, jy moet . . .” maar as hy in die rigting van sy dogter kyk, verdamp die woorde in sy keel.

Reg bokant haar krul 'n luislang rond met sy kop vasgepen aan 'n tak skaars drie duim van haar skouer af.

ONTHOU!

Volgende keer is die laaste wat „Die Boerejeug” in hierdie vorm as bylae tot „Die O.B.” sal verskyn. Vanaf Januarie 1951 sal ons ons eie bladje afrol en direk aan alle lede en lesers stuur. Vul onderstaande vormpie dadelik in en stuur dit aan, om seker te maak dat jy die nuwe bladje sal ontvang.

Aan „Die Boerejeug”, Posbus 1411, Kaapstad.

Neem my naam asseblief op sodat ek „Die Boerejeug” gereeld volgende jaar oor die pos kan ontvang.

VAN:

VOORNAME:

HUISADRES:

Koshuis-adres:

(indien enige)

Geboortedatum:

Was of is jy 'n offisier in die Boerejeug?

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besook ons of skryf om Besonderhede.

DIE PLEK VAN DIE O.B.

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

koerante in S.A. ondersoek dan vind jy van begin tot end slegs een refrein: „Bang, bang, bang” — bang dat kapitaal die land sal uitvlug, bang dat die Engelse in die see gejaag sal word, bang dat die Engelse taal onderdruk sal word, bang dat Engelse nie in aanmerking geneem sal word vir poste in die staatsdiens nie. Dieselfde stories het ons gehoor aangaande 'n nasionale regering. Ten spyte daarvan soek meer en meer Engelse uit Engeland 'n geleentheid om hierheen te kom en vind ons nie dat Engelssprekende Suid-Afrikaners die land verlaat nie. So sal dit ook wees met die Republiek.

BEROEP OP ENGELSE

Ek wil 'n beroep doen op ons Engelssprekende Afrikaners om hul vrese opsy te sit. Hulle is besig om teen die prikkels te skop. Dit moet tog aan hulle duidelik wees dat mens jou nie permanent teen die natuur kan verset nie. Die natuurlike ontwikkeling van ons volk moet tog eendelig lei tot volkome selfstandigheid. Sal dit nie in hul belang wees om saam met hul Afrikaanssprekende landgenote na vore te kom met 'n positiewe beleid en 'n positiewe stryd liever dan om op die ashoop te sit en die spookstories van hul eie verbeelding te glo nie?

DIS NOU DIE GELEE TYD

Dit is ons oorwoë mening dat die huidige so 'n geskikte tyd is as wat ons ooit kan verlang om die Republiek te verwenlik. Aan die een kant is daar geen gevaar dat die toestroming van kapitaal na S.A. weens 'n Republiek gestaak sal word nie, soos ek reeds aangedui het, solank ons 'n stabiele en progressiewe regering het. Aan die ander kant is die internasionale toestand tans so vertroebeld dat ons niks te vrese het van die Westerse volke wat ons grondstowwe, ons werkkragte en ons spoorweë en hawens nodig het vir die komende wêreldstryd nie.

Ook moet daarop gelet word dat in die aangesig van die Kommunistiese gevaar daar in S.A. vandag in groter mate die neiging tot eenheid is dan vir baie jare die geval was en in die toekoms mag wees. Dit wil my voorkom asof ons ons blootstel aan die beskuldiging van 'n gebrek aan visie as ons nie gebruik maak van die geleentheid wat hom nou bied om die daad by die woord te sit nie.

SLEGS PROPAGANDA

Toe ek die punt met 'n voor- aanstaande nasionaalgesinde politikus bespreek, was sy reaksie dat ons nie so gou die Republiek moet verkry nie want dan bly daar vir ons niks meer oor om voor te veg nie! Dit laat my dink aan die kèrel wat graag met 'n nooi wil trou. Hy hou maar aan om haar die hof te maak dog weier om haar te vra om met hom te trou uit vrees dat sy „ja” sal sê.

Tereg wonder mens soms of die Republiek gebruik word slegs as propagandamiddel waarmee die volksgevoel opgesweepte kan word. Aan die adres van diegene wat so optree, wil ek graag dit sê. Pasop dat die ironie julle nie vang soos in Ierland gebeur het. Nadat De Valera 'n leeftyd lank vir die Republiek gestry het, was dit op die ou end Costello— die opponent van die Republiek wat dit verkry het. Wie weet of Koos Strauss nie dalk nog eendag die Republiek vir ons gaan verkry nie!

DIE PLEK VAN DIE O.B. IN DIE REPUBLIKEINSE STRYD:

Dit is soms goed om waar jy by 'n keerpunt kom 'n terugblik

te werp. Doen ons dit dan kan ons met dankbaarheid getuig dat die O.B. nie skaam is vir sy verlede nie. Dit wil nie sê dat ons soms nie taktiese foute begaan het nie. Maar ons kan wel getuig dat ons ten opsigte van die Republiek nooit 'n frontverandering getoon het nie.

Ons word verwyt dat ons van stembusse af weggebly het. Ek kan maar net sê ons sou groter selfverwyt gehad het indien ons sou gaan stem het onder die omstandighede wat van ons verwag is om na die stembus te gaan. Ons sou ons siel gekrenk het as ons dit gedoen het. Ons kan nog vandag met selfrespek ons bors uitsteek en vierkantig in die oë kyk van diegene wat aan die begin saam met ons „Republiek” geskree het maar lankal daarvoor begin swyg het.

TOENADERING VAN PARTYE

En die taak van die O.B. is tans ook nog nie vervul nie. As gevolg van die toenadering tussen die Republikeinsgesinde politieke partye — sover hul konstitusies gaan altans — aan die Afrikanerfront — iets waarvoor die O.B. hom vir jare beywer het en wat hy tans van harte verwelkom — word die Republikeinse aspek van ons stryd soveel belangriker. Ons kan tans met reg verwag dat die stryd wat mede-Afrikaners teen ons gevoer het iets van die verlede is en dat ons nou ongehinderd sal toegelaat word om ons deel te doen in die stryd vir die Republiek.

BEROEP OM STEUN

Met die tot standkoming van eenheid op die partypolitieke terrein van die Afrikanerdom kan ons met billikheid 'n beroep doen op mede-republikeinsgesinde Afrikaners in die politieke partye om hul kragte weereens by ons in te werp soos die geval was in 1939 en 1940.

Ons wil 'n beroep doen dat die persoonlike vetes gestaak moet word en dat die verdagmakery iets van die verlede moet wees. Die volk weet dat die O.B. met alle opregtheid en met 'n sin van verantwoordelikheid die stryd om 'n Republiek voer. Dit is dan ook in dié gees dat ons 'n beroep doen op almal by wie die Republiek 'n lewensbelangrike saak is om na vore te tree en ons te help in ons stryd.

STALIN SE FOUT

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

sonder 'n uittarting van Sjinese kant bereid om hom te beywer vir Sjinese verteenwoordiging in die V.V.O. Te meer sal dit tans sy houding wees indien hy daarmee vrede met rooi Sjina kan koop.

Attlee is selfs nou bereid om 'n versekering te gaan afsmeek in Amerika dat die atoombomb nie deur Amerika alleen gebruik sal word nie, en sodoende selfs die element van weerhoudende twyfel by Stalin en Mao Tse-toeng te verwyder!

Die Westerse leierskap vandag is van so 'n aard dat geen hoop op redding van Europa op hulle gevestig kan word nie. Hulle het nog geen begrip geopenbaar van die huidige wêreldgevaar nie — getuie hul houding teen Kommunistiese Spanje en verslane Duitsland. Hoop op redding skyn af te hang van die moontlikheid dat Josef Stalin 'n fout kan begaan. Totsover skyn dit nie of Stalin veel en groot foute begaan het nie, tensy dat die Westerse partypolitici so groot en aanhoudend gefouteer het dat dit Stalin se foute soos suksesse laat lyk. Maar dan kom dit nog maar op dieselfde neer.

O.B. SE AANBOD

Die O.B. van sy kant sal sy volle steun gee aan enige poging van enige persoon of organisasie binne of buite die partypolitiek wat die stryd vir die Republiek voer.

Ons wil glad nie voorgee dat die Republiek die prerogatief van die O.B. is nie. Ons is teleurgesteld met die Regering en met albei die regerende partye — beide van wie volgens hul konstitusie republikeins is, dat hulle oënskynlik niks doen om die Republiek te verwenlik nie. Dit is soveel meer teleurstellend as ons let op die durf waarmee die Regering ander landsprobleme aanpak.

Ons kan aan die ander kant nie nalaat om erkentlik te wees teenoor die pogings wat sommige lede van die Regering tog aanwend. Ons was ook bly om te verneem dat dieselfde gees openbaar word deur partylede wat Republikeinse strydde organiseer.

O.B. GAAN VOORT

Soos dinge vandag staan, voel die O.B. dat hy nog steeds die vernaamste draer is van die Republikeinse gedagte. Immers, hy is in die lewe geroep juis om hierdie ideaal te verwenlik. Solank die Republiek nie verkry is nie, is dit sy roeping om daarvoor te stry. Hy is nie van plan om die stryd gewonne te gee nie!

GESELLIGE VERKEER

Die vergadering het plaasgevind onder leiding van adv. J. de Vos (hoofgeneraal) en die verrigtinge is veraangenaam deur die opwekkende musiek van die O.B.-Blaasorke onder leiding van mnr. S. J. Swane-poel (kommandant). Mnr. Heyns kommandant van Observatory, het die openingsgebed gedoen terwyl 'n seun en 'n dogter van die Boerejeug op flinke wyse die republikeinse vlag gehys het.

Die vroue-offisiere van verskeie Skiereilandse kommando's het koek en lekkernye saamgebring en ter plaatse koffie en tee gemaak sodat na afloop van die verrigtinge almal gesellig onderling verkeer het.

OMMESWAAI OOK IN NU-SEELAND

Die onbestendigheid van parlementêre regerings kom in die een Britse land na die ander weer aan die lig. Nie net in Brittanje is daar 'n sterk ommeswaai teen die Arbeiderregering op te merk nadat hy vyf jaar lank die teuels in die hande gehad het nie, maar berigte uit Nu-Seeland dui weer aan 'n ommeswaai ten gunste van die Arbeiderparty wat 'n jaar gelede in die stof gebyt het teen die Nasionale Party.

Die munisipale verkiesings wat voorverlede week aldaar gehou is en wat op 'n partypolitieke grondslag gevoer word, het getoon dat die kiesers nou weer grootliks terugswaai na die Arbeiderparty. Sapa se beriggewer verklaar dat die ommeswaai te groot was om toegeskryf te word aan ontevredenheid teen plaaslike owerhede alleen. In sommige streke waar die plaaslike bewind vir baie jare al in nie-Arbeiderhande was, is volslae Arbeideroorwinnings behaal. Selfs leiers van die Nasionale Party erken dat die uitwerking van die regeringsbeleid bygedra het tot die Arbeider-sukcesse.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Druk Neus Toe Vir Franco Dog Haas Hul Na Tito

Die onderstaande aanhaling uit die Amerikaanse blad TIME gee 'n nadere insig in die mentaliteit van die huidige bewindvoerders in die Weste. Hoewel hulle sedert die oorlog nog een stryk deur op vriendskaplike voet met Kommunistiese diktators verkeer, word die eerste menslike gebaar teenoor Spanje, wat die enigste Europese land is wat van Kommuniste gevrywaar is, as 'n beskamende daad voorgehou. Die blad berig:

„In Washington was dit 'n wees goed vir diktator-week. Op langelaas het Francisco Franco van Spanje die ECA (buitelandse hulp)-lening ontvang wat hy wou gehad het. Met die houding van iemand wat sy neus toedruk onderwyl hy 'n onaangename bevel uitvoer, het ECA aangekondig dat hy onmiddellik sal begin om die lening van 62½ miljoen dollar, wat deur die 81ste Kongres gestem is, na Spaanse nywerhede en maatskappye sal deurstuur. Nou dat hy nie meer in staat was om die wil van die Kongres te weerstaan nie, ondanks sy eie veragting vir die Franco-diktatuur, het die regering sy bes gedoen om dit so min as moontlik te laat lyk na Marshall-hulp. ECA sal geen sending na Madrid stuur nie en die uitbetaling van die lening oorlaat aan die Uitvoer-Invoerbank.

TITO

„Die tydsbepaling van die lening aan Spanje was bedoel om die weg te baan vir Amerikaanse hulp aan 'n ander diktator wat die regering begeriger as die Kongres was om te help: Joego-Slawië se maarskalk Tito. Met Spanje verseker van sy pot goud, kon president Truman die Kongres vra om geld vir Tito ten einde die uitwerking van 'n hongersnood te besweer wat moontlik kan lei tot die omverwerping van Tito se bewind. Truman het nie ontken dat Tito 'n Kommunist is nie — hy het dit eenvoudig net nie genoem nie... Die President wou hê dat die Kongres met

sy sitting op 27 November noodbesittings wat gestuur is om die droogtegeteisterde Joego-Slawië te voed, moes bekragtig. As 'n tussentydse maatregel tot tyd en wyl die Kongres optree, het ECA reeds koringmeel ter waarde van 11½ miljoen dollar van sy Duitse en Italiaanse voorrade na Joego-Slawië afgekeer. Die eerste Amerikaanse noodlenigingskip het verlede week al in Joego-Slawië aangekom.”



PAS OP vir hulle!

Hulle is nuttige dinge, wanneer reg gebruik. Maar ENIGEEN van hulle kan 'n brand laat ontstaan wat u u huis en sy inhoud kan kos!

Gebruik hulle dus versigtig — en sorg boonop dat u beskerm is deur—

'n SANTAM-Brandpolis

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-3a



Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD



Waar u ook mag wees

Kommando
—die gewildste
Suid-Afrikaanse sigaret



GI-3054-AH